



Tienertoneel

GROOTSTE OPLEIDING NÓG!

Die ATKV bied sy grootste toneelopleidingsgeleentheid nóg vir regisseurs en skrywers, gefokus op die ATKV-Tienertoneelkompetisie, by vanjaar se Suidoosterfees in Kaapstad aan.

Vir **drie dae**, van 27 tot 29 April 2022, kan regisseurs en skrywers top-toneelproduksies geniet en hul vaardighede slyp onder leiding van **Ricardo Arendse** en **Frieda van den Heever**.

Die ATKV-Tienertoneelpakket kos R1 000 en sluit toegang tot **werkswinkels** en **tien dramas** op die feesprogram in.

Mense wat inskryf vir die pakket kan ook die volgende produksies deur professionele teaterlui by die Suidoosterfees bywoon:

- **Ek wens, ek wens** met Frank Opperman
- **Die oerkluts kwyf** met Antoinette Kellermann
- **Die halwe huis** met Marlo Minnaar
- **Mutton Hour** met De Klerk Oelofse en Cintaine Schutte
- **Dis 20:15** met Waldemar Schultz en Brendon Daniels
- **Koeksusters** met Christian Bennett, Dean Smith en Gantane Kusch.

Die TOP 3-ATKV-Tienertoneelproduksies van 2021 is ook ingesluit:

- **Wenproduksie, Hansie Slim**, deur Hoërskool Parel Vallei
- **Naaswenner, 'n Onwaarskynlike reeks skynbaar onverwante oomblikke of Dinsdag**, deur Hoërskool Belville
- **Derdeplekwenner, Om teen treine te skree**, deur Hoërskool Jan van Riebeeck

BONUS!

Die honneursstudente van Stellenbosch Universiteit kom wys ook hoe dinge gedoen word in hul produksie van Rafiek Mammon se **New Year's Eve**.

WERKSWINKELS

Tussendeur al hierdie topvertonings wat deel vorm van jou unieke kursusmateriaal, word vaardighede in teksskryf en regie met 'n reeks verrykende werkswinkels verfyn.

Ricardo Arendse, wat die feesdrama *Die halwe huis* geskryf het, maak kursusgangers touwys in die skryf van teatertekste. **Frieda van den Heever**, regisseur van *Die oerkluts kwyf*, gaan regie-geheime deel.

BESPREEK JOU PLEK

As jy van dié gulde geleentheid wil gebruik maak, bespreek jou plek by **Faren Esau** (faren.esau@media24.com).

Daar is ook 'n opsie beskikbaar wat verblyf insluit – spesiaal vir diegene wat van buite Kaapstad kom.

Die volledige feesprogram is beskikbaar by
www.suidoosterfees.co.za.

